

# GEESTELIKE DISSIPLINES

## DIE INNERLIKE DISSIPLINES VAN :

## Meditasie, gebed, vas en studie.

17 September - 22 Oktober 2018

# INHOUDSOPGAWE


| LES | LESTEMA | WEEK VAN | BLADSY |
|---|---|---|---|
| 1 | *Geestelike Dissiplines – Deel 1 - Inleiding* | 17 September | 4 |
| 2 | *Geestelike Dissiplines – Deel 2 – Genade en dissipline* | 24 September | 7 |
| 3 | *Die Innerlike Dissipline van Meditasie* | 1 Oktober | 11 |
| 4 | *Die Innerlike Dissipline van Gebed* | 8 Oktober | 15 |
| 5 | *Die Innerlike Dissipline om te Vas* | 15 Oktober | 18 |
| 6 | *Die Innerlike Dissipline van Studie* | 22 Oktober | 22 |

# GEESTELIKE DISSIPLINES

Uittreksel uit *Celebration of Discipline* deur Richard Foster:

*Superficiality is the curse of our age. The doctrine of instant satisfaction is a primary spiritual problem. The desperate need today is not for a greater number of intelligent people, or gifted people, but for deep people. The classical Disciplines of the spiritual life call us to move beyond surface living into the depths. They invite us to explore the inner caverns of the spiritual realm. They urge us to be the answer to a hollow world. John Woolman counsels, "It is good for thee to dwell deep, that thou mayest feel and understand the spirits of people."*

*We must not be led to believe that the Disciplines are only for spiritual giants and hence beyond our reach, or only for contemplatives who devote all their time to prayer and meditation. Far from it. God intends the Disciplines of the spiritual life to be for ordinary human beings: people who have jobs, who care for children, who wash dishes and mow lawns. In fact, the Disciplines are best exercised in the midst of our relationships with our husband or wife, our brothers and sisters, our friends and neighbors.*

*Neither should we think of the Spiritual Disciplines as some dull drudgery aimed at exterminating laughter from the face of the earth. Joy is the keynote of all the Disciplines. The purpose of the Disciplines is liberation from the stifling slavery to selfinterest and fear. When the inner spirit is liberated from all that weighs it down, it can hardly be described as dull drudgery. Singing, dancing, even shouting characterize the Disciplines of the spiritual life.*

Gedurende die volgende tydperk gaan ons saam kyk na 'n klompie Klassieke Dissiplines. Nie klassieke dissiplines in die sin dat dit antiek is nie (Alhoewel hulle deur opregte mense regdeur die eeue heen beoefen is), maar eerder dat hulle sentraal staan om Christenskap te ervaar.

Daar is twee boeke wat ons regtig kan aanbeveel om as aanvulling tot hierdie materiaal te lees. *Richard Foster – Celebration of Discipline* en *Dallas Willard – The Spirit of the Disciplines.* Die materiaal wat ons verskaf is om groepbespreking aan te wakker rondom elke dissipline en die boeke genoem hier bo sal van groot hulp wees in jou journey deur die Geestelike Dissiplines om nader aan God te beweeg.

Uit die staanspoor uit wil ek graag 'n woord van versigtigheid noem. Hier gaan ek ook 'n gedeelte aanhaal uit *"Celebration of Discipline":*

*One word of caution, however, must be given at the outset: to know the mechanics does not mean that we are practicing the Disciplines. The Spiritual Disciplines are an inward and spiritual reality, and the inner attitude of the heart is far more crucial than the mechanics for coming into the reality of the spiritual life. In our enthusiasm to practice the Disciplines, we may fail to practice discipline. The life that is pleasing to God is not a series of religious duties. We have only one thing to do, namely, to experience a life of relationship and intimacy with God, "the Father of lights with whom there is no variation or shadow due to change" (James 1:17).*

Mag jy hierdie materiaal geniet, mag dit tot 'n verdieping lei in jou verhouding met God en mag jy God se uitnodiging sien in hierdie seisoen van jou lewe!

**17 September 2018** **Les 1**

# Geestelike Dissiplines – Deel 1 – Inleiding

## A. YSBREKER

As jy nou met enige iemand kan praat wat nog leef, wie sal dit wees en hoekom?

## B. AANBIDDING

*Daar kom egter 'n tyd, en dit het reeds aangebreek, wanneer die egte aanbidders die Vader vanuit 'n hegte verhouding met die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader verkies dat die mense Hom só aanbid. God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom vanuit 'n hegte verhouding met die Gees en in waarheid aanbid." – Johannes 4:23-24 (NLV)*

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus en jou liefde vir Hom uit te druk deur middel van lofprysing en aanbidding.

- *Eie keuse of julle kan ook ons speellys gebruik deur die volgende skakel:* https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck

## C. WOORD

- *Vir verdere gesprek en ondersoek in die Geestelike Dissiplines, kan die volgende boeke aanbeveel word:*
  *Richard Foster – Celebration of Discipline* en *Dallas Willard – The Spirit of the Disciplines.*
- *Lees die bespreking en Skrifgedeeltes hardop voor of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word om tyd te spaar. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te "verteer". Werk daarna deur die vrae, en laat die vrae julle lei in die gesprek. Vermy dit om puntsgewys 'n "eers die vraag en dan die antwoord" gesprek te hê. Dit moenie voel soos 'n skool klaskamer nie...*
- *Moedig groeplede aan om die vrae met "ek …"-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos "ons/hulle/mens …" nie.*

### 1. Skrifgedeeltes en bespreking

Ons liefdevolle God wil hê dat ons 'n vervulde lewe moet leef. Alhoewel Hy ons nie 'n probleemvrye bestaan waarborg nie, gee Hy instruksies wat ons band met Hom versterk. God se doel is om 'n liefdevolle verhouding met elkeen van Sy kinders te ontwikkel. Een kragtige manier om ons Here beter te ken, is deur die geestelike dissiplines.

**Geestelike dissiplines kan beskryf word as gedrag wat geestelike groei fasiliteer**. Die proses van geestelike groei en ontwikkeling begin wanneer 'n mens God ontmoet, en God dan 'n nuwe vlak van bewustheid begin skep. Soos ons elke dag as 'n opwindende geleentheid najaag om 'n liefdevolle verhouding met God te ontwikkel, sal hierdie dissiplines ons lei om ons Vader se hart duideliker te sien.

### Vrae:

1. Dink aan iemand wat jy as mentor beskou het, of iemand wat jy in die verlede gerespekteer het. Watter eienskappe het jou laat dink aan hierdie persoon?
2. Op watter maniere wil jy soos hierdie persoon wees? Hoekom?
3. Sommige van ons het dalk al gevra, "Wat word van Christene verwag om daagliks te doen?" Wat sal ons laat so 'n vraag vra?

---

*There is a difference between imitating a good man and counterfeiting him.*

*– Benjamin Franklin*

---

Lees die volgende gedeelte:

*Tomas sê vir Jesus: "Here, ons weet nie waarheen U gaan nie; hoe kan ons dan die pad daarheen ken?"*

*Jesus sê vir hom: "Ek is die weg en die waarheid en die lewe. Niemand kom by die Vader uit behalwe deur My nie. As julle My ken, sou julle my Vader ook geken het. Van nou af ken julle Hom en het julle Hom reeds gesien."*

*Toe sê Filippus: "Here, wys ons net die Vader en dit is vir ons genoeg."*

*Jesus antwoord hom só: "Ek is al vir só 'n lang tyd by julle, Filippus, en jy ken My nog nie? Wie My reeds gesien het, het ook reeds my Vader gesien. Hoe sê jy dan: 'Wys ons die Vader?' Glo jy dan nie dat Ek in 'n hegte verhouding met die Vader leef en Hy met My nie? Die gedagtes wat Ek met julle deel, kom nie uit Myself nie, maar dit kom van die Vader wat in My bly en deur My sy werke uitvoer. Glo in My omdat Ek in 'n hegte verhouding leef met die Vader en Hy met My; so nie, glo dan net op grond van hierdie werke self.*

*"Ek verseker julle, wie aanhou glo in My, sal ook die werke doen wat Ek doen; hy sal selfs nog groter dinge as dit doen, omdat Ek na die Vader toe op pad is. Wat julle ook al sou vra in my*

*Naam, dit sal Ek doen sodat die Vader deur die optrede van die Seun verheerlik word. As julle My enigiets in my Naam vra, sal Ek dit beslis doen."*

*Jesus belowe die Heilige Gees*

*"As julle My liefhet, sal julle my opdragte gehoorsaam. - Johannes 14:5-15 (NLV)*

**Vrae:**

4. In vers 7 lees ons: " *As julle My ken, sou julle my Vader ook geken het*." Waarom reageer Jesus op hierdie manier aan Thomas?
5. Watter implikasies het hierdie reaksie vir ons as Christene vandag? (Galasiërs 2:20)

*Ek leef nie meer nie, maar Christus lewe in my. Die lewe wat ek nou op aarde leef, leef ek deur geloof in die Seun van God, Hy wat sy liefde vir my bewys het deur in my plek te sterf - Galasiërs 2:20 (NLV)*

6. Wat het Jesus bedoel toe Hy gesê het dat diegene wat Hom glo, nog **groter** dinge sal doen? (vers 12)
7. Wat kan 'n ongelowige in 'n Christen sien wat die ongelowige sal help om Jesus of die Vader te ken?

---

*We can become like Christ by doing one thing – by following him in the overall style of life he chose for himself. If we have faith in Christ, we must believe that he knew how to live. We can, through faith and grace, become like Christ by practicing the types of activities he engaged in, by arranging our whole lives around the activities he himself practiced in order to remain constantly at home in the fellowship of his Father…*

*The Spirit of the Disciplines is nothing but the love of Jesus, with its resolute will to be like him whom we love.*

*– Dallas Willard, The Spirit of the Disciplines*

---

8. Wat is sommige van die aktiwiteite waarin Jesus gereeld deelgeneem het? (Willard verwys na hierdie aktiwiteite as 'dissiplines')
9. Meer as 2000 jaar later, dink jy ons kan werklik Jesus Christus se lewenspatroon volg, of is dit eenvoudig onmoontlik in vandag se gejaagde wêreld?

### 2. Oefening van die week

*Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.*

Het jy al ondervinding gehad met geestelike dissiplines wat jou lewe verander het? Hoe sal jy wil hê dat dit jou lewe moet verander? Maak dit 'n gebedsaak vir jouself en vir die groep, en vra dat die Here jou sal help hiermee.

### 3. Seëngebed

*Hierdie kan as afsluiting gebruik word.*

Moet oor niks bekommerd wees nie, maar bid oor alles. Vra alles wat julle nodig het van God, terwyl julle Hom ook dank vir alles wat Hy doen. En God se vrede, wat meer is as wat 'n mens dink, sal oor julle harte en gedagtes die wag hou omdat julle aan Christus Jesus verbonde is. – Filippense 4:6 (NLV)

## 24 September 2018 Les 2

## Geestelike Dissiplines – Deel 2 – Genade en Dissipline

### A. YSBREKER

Watter geskenk wat jy al gekry het sal jy nooit vergeet nie?

### B. AANBIDDING

*Daar kom egter 'n tyd, en dit het reeds aangebreek, wanneer die egte aanbidders die Vader vanuit 'n hegte verhouding met die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader verkies dat die mense Hom só aanbid. God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom vanuit 'n hegte verhouding met die Gees en in waarheid aanbid." – Johannes 4:23-24 (NLV)*

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus en jou liefde vir Hom uit te druk deur middel van lofprysing en aanbidding.

- *Eie keuse of julle kan ook ons speellys gebruik deur die volgende skakel:* https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck

### C. WOORD

- *Vir verdere gesprek en ondersoek in die Geestelike Dissiplines, kan die volgende boeke aanbeveel word:*

*Richard Foster – Celebration of Discipline* en *Dallas Willard – The Spirit of the Disciplines.*

- *Lees die bespreking en Skrifgedeeltes hardop voor of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word om tyd te spaar. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te "verteer". Werk daarna deur die vrae, en laat die vrae julle lei in die gesprek. Vermy dit om puntsgewys 'n "eers die vraag en dan die antwoord" gesprek te hê. Dit moenie voel soos 'n skool klaskamer nie...*
- *Moedig groeplede aan om die vrae met "ek …"-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos "ons/hulle/mens …" nie.*

## 1. Skrifgedeeltes en bespreking

Christene leef in genade en deur genade, nie deur werke nie. Maak nie saak hoe goed ons dink ons eie werke is nie, ons kan nie oor ons eie werke spog nie. God kry al die glorie, want Hy is die een wat ons motiveer om goed te doen. Selfs die geloof wat ons het, is 'n gawe van God.

So, om te verseker dat God al die glorie kry, moet ons dan net terug sit en niks doen nie? Moet ons nie studeer nie, tensy God ons motiveer om te studeer nie? Moet ons nie bid tensy Hy ons motiveer om te wil bid nie? Moet ons dan nie goeie werke doen tensy Hy dit inisieer nie? Wanneer ons praat van dissipline, vat dit dan die inisiatief weg van God af? Gee dit die mens 'n geleentheid om te spog en kan dit dalk selfs oorgaan in 'n vorm van wettisisme?

Is dissipline 'n vyand van genade? As dit alles genade is, watter behoefte is daar dan vir enige dissipline? As God die werk doen, hoekom moet ons probeer?

Ouers: Het jy al ooit 'n kind geleer om iets te doen deur dit saam met die kind te doen - soveel so dat jy op die einde al die werk gedoen het en die kind maar net gevolg het wat jy gedoen het?

Lees die volgende gedeelte en bespreek die vrae wat volg:

**1 Korintiërs 15:10 (AFR83)**
*"Maar deur die genade van God is ek wat ek is. Sy genade aan my was nie tevergeefs nie; inteendeel, ek het harder gewerk as hulle almal; eintlik was dit nie ek nie, maar die genade van God wat by my is".*

### Vrae:

1. Wie het die werk gedoen - was dit God, of was dit Paulus?
2. Watter karaktereienskappe van God het volgens Paulus in hom gewerk?

Lees die volgende gedeelte en bespreek die vrae wat volg:

**Romeine 12:1-8 (NLV)**
*Nou wil ek julle baie ernstig vra, broers en susters: As julle dink aan alles wat God in sy groot barmhartigheid vir julle gedoen het, gee dan julleself aan Hom as 'n lewende en heilige offer. Dit is dié soort offer waarvan Hy hou, en wat julle diens aan God werklik sinvol maak. Moenie julle leefstyl aanpas by die gedragspatrone van hierdie wêreld nie, maar laat God julle omvorm deurdat Hy julle denkpatrone vernuwe. Dan sal julle goed kan onderskei wat Hý wil hê dat julle moet doen, naamlik dit wat werklik goed en aanvaarbaar en volmaak is.*
*Namens Hom wat my in sy genade tot sy apostel gemaak het, sê ek aan elkeen van julle dat jy nie jouself moet oorskat nie, maar dat jy jouself nugter moet beoordeel volgens die geestelike toerusting wat God aan jou toebedeel het. Ons besit elkeen een liggaam wat uit baie ledemate bestaan en wat elkeen sy eie spesiale funksie het. Net so is dit ook met Christus se liggaam. Al is ons baie, vorm ons saam een liggaam omdat ons aan Christus verbind is, en as ledemate van hierdie één liggaam hoort ons saam en het ons mekaar nodig.*
*Ons het gawes wat van mekaar verskil volgens die genade wat God aan elkeen van ons gegee het. Ons moet hierdie vermoëns reg gebruik. As God aan jou die gawe gegee het om te profeteer, moet jy dit aanwend in ooreenstemming met ons geloofsoortuigings. As dit is om ander te dien, doen dit met oorgawe. As jy onderrig gee, gee dan kwaliteitonderrig. As dit is om ander op te beur, lê jou daarop toe. As jy materiële ondersteuning kan gee, doen dit sonder bymotiewe. As God aan jou leierseienskappe gegee het, hanteer dit met toewyding. En as jy die gawe het om ander in hulle nood by te staan, doen dit met 'n vrolike hart.*

Nadat Paulus aan die Romeine verduidelik het dat verlossing deur genade kom deur geloof in Jesus Christus wat vir ons gesterf het, begin hy nou om enkele praktiese toepassings te beklemtoon.

## Vrae:

1. Vermaan Paulus ons volgens vers 1 en 2 om passief te wees? Om te wag op God sodat Hy in ons kan werk? Wat dink jy?
2. Hoe dink jy sal Paulus reageer as ons vir hom moes vra: "Jy vertel ons dat God ons moet omvorm deur ons *denkpatrone te vernuwe.* Hoe doen ons dit?" Is dit iets wat ons doen, of wag ons vir God om dit te doen?
3. Paulus sê dat ons nie net verbind is aan Jesus Christus nie, maar ook aan mekaar. Hoe dink jy kan dit ons gedrag beïnvloed?

---

*All our responses to God's dealings with us and all our practice of the spiritual disciplines must be based on the knowledge that God is dealing with us in grace.*

*– Jerry Bridges, The Discipline of Grace, p. 79*

---

4. Paulus praat oor geestelike gawes – wat deur genade gegee is - in verse 6-8. Doen hierdie genadegawes hul eie werk in ons lewens, of is daar iets wat ons met hulle moet doen? Neem ons pogings iets van God se heerlikheid af as ons iets daaraan doen?
5. In Galasiërs 2:20 sê Paulus: *"Ek leef nie meer nie, maar Christus lewe in my. Die lewe wat ek nou op aarde leef, leef ek deur geloof in die Seun van God, Hy wat sy liefde vir my bewys het deur in my plek te sterf."*
   Wie lewe hier? Is dit Paulus of Christus? – Sien ook 1 Korintiërs 9:27 en Romeine 15:18

---

*By themselves the spiritual disciplines can do nothing; they can only get us to the place where something can be done.*

*– Richard Foster, Celebration of Discipline, p. 7*

---

John Piper het in een van sy preke gesê dat God ons geloof gee, maar tog is dit steeds ons wat glo en vertrou. Hy verduidelik dit so: "Dit is onbybels en irrasioneel om te redeneer dat omdat die genade van God in ons 'n aktiewe vertroue in God produseer, ons nie 'n aktiewe vertroue in God hoef uit te oefen nie. Is dit nie irrasioneel om te sê, 'God stel ons in staat om hom te vertrou; daarom hoef ons hom nie te vertrou nie? ''

6. Hoe kan hierdie beginsel op werke van toepassing wees?

---

*There is not a single instance in the New Testament teaching on holiness where we are taught to depend on the Holy Spirit without a corresponding exercise of discipline on our part.*

*– Jerry Bridges, The Discipline of Grace, p. 130*

---

## 2. Oefening van die week

*Groeplede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.*

*Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.*

Spandeer hierdie week bietjie ekstra tyd op Romeine 12:6 wat sê: *"Net so is dit ook met Christus se liggaam. Al is ons baie, vorm ons saam een liggaam omdat ons aan Christus verbind is, en as ledemate van hierdie één liggaam hoort ons saam en het ons mekaar nodig."*

Dink hierdie week na oor wat jou verantwoordelikheid kan wees om ander in die groep te help om Paulus se vermanings in Romeine 12 na te kom en kom deel jou gedagtes volgende week met die groep.

### 3. Seëngebed

*Hierdie kan as die afsluitingsgebed gebruik word.*

Skep vir my 'n rein hart, o God. Gee my 'n nuwe, standvastige gees. Moenie my verban wég van u teenwoordigheid nie, en moenie u Heilige Gees van my af wegneem nie. Gee my tog weer die vreugde van u redding en maak my gewillig om U te gehoorsaam. – Psalm 51:12-14 (NLV)

## 1 Oktober 2018 Les 3

## *Die Innerlike Dissipline van Meditasie*

### A. YSBREKER

Wat is die eerste gedagte wat by jou opkom wanneer jy aan God dink?

### B. AANBIDDING

*Daar kom egter 'n tyd, en dit het reeds aangebreek, wanneer die egte aanbidders die Vader vanuit 'n hegte verhouding met die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader verkies dat die mense Hom só aanbid. God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom vanuit 'n hegte verhouding met die Gees en in waarheid aanbid." – Johannes 4:23-24 (NLV)*

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus en jou liefde vir Hom uit te druk deur middel van lofprysing en aanbidding.

- *Eie keuse of julle kan ook ons speellys gebruik deur die volgende skakel:* https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck

### C. WOORD

- *Vir verdere gesprek en ondersoek in die Geestelike Dissiplines, kan die volgende boeke aanbeveel word:*
  *Richard Foster – Celebration of Discipline* en *Dallas Willard – The Spirit of the Disciplines.*
- *Lees die bespreking en Skrifgedeeltes hardop voor of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word om tyd te spaar. Gee genoeg tyd om die*

*inhoud in te neem en te "verteer". Werk daarna deur die vrae, en laat die vrae julle lei in die gesprek. Vermy dit om puntsgewys 'n "eers die vraag en dan die antwoord" gesprek te hê. Dit moenie voel soos 'n skool klaskamer nie...*

- *Moedig groeplede aan om die vrae met "ek …"-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos "ons/hulle/mens …" nie.*

## 1. Skrifgedeeltes en bespreking:

## Inleiding:

Wanneer dit kom by meditasie dink sommige dalk aan beelde soos wierook, kerse en donker kamers gevul met mense wat kruisbene op die vloer sit en heeltyd "Ommmm" herhaal. Daar is baie vorme van meditasie, wat deel is van omtrent elke vorm van godsdiens. Christelike meditasie kan egter feitlik die teenoorgestelde van Oosterse meditasie wees. Christelike meditasie is om te luister, waar te neem en ag te gee op die lewe en lig van Jesus Christus.

Richard Foster stel dit so: "In die dissipline van meditasie is dit nie soseer ons wat reageer nie maar eintlik meer ons wat onsself oopmaak vir werk binne ons. Ons nooi die Heilige Gees om binne-in ons te kom werk, leer, reinig, troos en teregwys. Ons omring ons ook met die sterk lig van Christus om ons te beskerm teen enige invloede wat nie van God is nie."

Meditasie gee aan ons die wonderlike en heerlike geleentheid om heeltemal op die goedheid en volmaaktheid van ons Here in te leun. Hy wil hê dat ek en jy in gemeenskap met Hom moet wees sodat ons Sy wil kan leer, Sy doel kan besef, Sy beloftes kan glo, Sy werk kan sien en Sy weg kan navolg.

### Vrae:

1. Wat is van die eerste gedagtes wat jy kry wanneer jy aan meditasie dink?
2. Voel jy gemaklik en vol selfvertroue om te mediteer? Voel jy ooit dat meditasie te moeilik, ingewikkeld of vreemd is? Hoekom?

Te midde van 'n baie besige bediening het Jesus dit 'n gewoonte gemaak om Homself baie keer te onttrek om alleen te wees. Spandeer bietjie tyd met die volgende Skrifte. Wat dink jy het Jesus gedoen tydens hierdie belangrike tye?

*Matteus 4:1-11 (NLV) - Daarop het die Gees Jesus die woestyn ingelei om deur die duiwel versoek te word. Nadat Hy vir 40 dae en 40 nagte gevas het, het Hy naderhand baie honger begin word. Toe kom die versoeker na Hom toe en sê vir Hom: "As jy dan die Seun van God is, beveel hierdie klippe om brode te word."*
*Maar Jesus het hom geantwoord: "Nee! Daar staan in die Skrif geskryf: ''n Mens het meer as brood nodig om van te lewe. Wat jy eintlik nodig het, is om te leef van elke word uit God se mond.'" Daarna neem die duiwel Hom Jerusalem toe en laat Hom op die hoogste spits van die tempel staan. Toe sê hy vir Hom: "As jy regtig die Seun van God is, spring dan hier af. Daar staan mos in die Skrif geskryf: 'God sal aan sy engele opdrag gee om jou te beskerm.*
*En hulle sal jou op die hande dra sodat jy nie dalk jou voet teen 'n klip stamp nie.'" Jesus het hom geantwoord: "Daar staan ook geskrywe: 'Jy mag die Here jou God nie versoek nie. En Hom alleen moet jy dien.'" Vervolgens neem die duiwel Hom na die top van 'n baie hoë berg en wys vir Hom al die koninkryke van die wêreld met hulle prag en praal. Daarop sê hy vir Jesus: "Dit alles sal ek vir jou gee. Al wat jy moet doen, is om neer te kniel en my te aanbid."*
*Toe sê Jesus vir hom: "Trap, Satan! Daar staan in die Skrif: 'Jy moet die Here jou God aanbid en Hom alleen dien.'" Daarna het die duiwel die aftog geblaas. En daar het engele na Hom toe gekom en Hom versorg.*

*Matteus 14:23 (NLV) - Daarna het Hy teen die berg uitgeklim om eenkant te gaan bid. Laataand was Hy alleen daar.*

*Markus 1:35 (NLV) - Nog voor dagbreek die volgende oggend het Jesus opgestaan en alleen op 'n stil plek gaan bid*

*Markus 6:31 (NLV) - Omdat daar voortdurend talle mense gekom en gegaan het sodat hulle selfs nie kans gekry het om te eet nie, het Jesus toe vir hulle gesê: "Kom julle nou self eenkant toe na 'n stil plek en skep 'n bietjie asem."*

*Lukas 6:12 (NLV) - Eendag kort hierna het Jesus na 'n berg gegaan om te bid, en Hy het die hele nag in gebed deurgebring.*

**Vrae:**

1. Uit jou eie ondervinding, wat dink jy is die doel om op God se Woord te mediteer?
2. Hoe dink jy is gehoorsaamheid gekoppel aan hierdie onderwerp?

Lees die volgende:
*Johannes 5:19 (NLV) - Jesus het daarop reageer: "Ek verseker julle, die Seun kan niks uit sy eie doen nie. Hy doen slegs wat Hy die Vader sien doen. Wat die Vader ook al doen, dit doen die Seun net so.*

*Johannes 5:30 (NLV) - Ek is nie daartoe in staat om enigiets uit My eie te doen nie. Soos Ek dit van die Vader hoor, oordeel Ek en my oordeel is billik omdat dit nie my wil is wat Ek najaag nie, maar die wil van Hom wat My gestuur het."*

3. In jou opinie, dink jy mense om ons word geaffekteer wanneer ons tyd maak vir die dissipline van meditasie? Hoekom of hoekom nie?

*"What happens in meditation is that we create the emotional and spiritual space which allows Christ to construct an inner sanctuary in the heart." Richard Foster*

**Nog enkele ander tekste oor Meditasie:**
Genesis 24:63; Josua 1:8; Psalm 63:6; Psalm 119:15; Psalm 119:23; 1 Timoteus 4:15; Hebreërs 3:1-2; Hebreërs 12:2-3

## 2. Oefening van die week

*Groeplede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.*

*Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.*

In jou stiltetyd hierdie week, verbeel jouself dat Jesus reg langs jou sit. Hy draai na jou toe en vra:"Ek het jou so baie lief. Sê vir My wat Ek vandag vir jou kan doen." Sê dan presies vir Hom wat in jou hart is – jou begeertes, drome, behoeftes, vrese en vreugdes.

Wanneer jy klaar is, draai na Jesus toe en vra vir Hom dieselfde vraag:"Jesus, ek het u so baie lief. Sê vir my wat ek vandag vir U kan doen." Soos jy stil word, luister na wat God vir jou sê. God wil hê dat ons ons Geestelike reis moet uitleef in ons alledaagse aktiwiteite.

### 3. Seëngebed

*Hierdie kan in die afsluitingsgebed ingesluit word*

Ten slotte, broers en susters, vul julle gedagtes met alles wat waar, eerbaar, skoon, suiwer, lieflik en lofwaardig is. En leef volgens alles wat julle van my geleer, oorgeneem, gehoor en gesien het. Dan sal die God wat vrede gee, by julle wees. – Filippense 4:8-9 (NLV)

## 8 Oktober 2018 Les 4

## *Die Innerlike Dissipline van gebed*

### A. YSBREKER

As jy enige plek in die wêreld kan gaan, waar sal dit wees?

### B. AANBIDDING

*Daar kom egter 'n tyd, en dit het reeds aangebreek, wanneer die egte aanbidders die Vader vanuit 'n hegte verhouding met die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader verkies dat die mense Hom só aanbid. God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom vanuit 'n hegte verhouding met die Gees en in waarheid aanbid." – Johannes 4:23-24 (NLV)*

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus en jou liefde vir Hom uit te druk deur middel van lofpysing en aanbidding.

- *Eie keuse of julle kan ook ons speellys gebruik deur die volgende skakel:* https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck

### C. WOORD

- *Vir verdere gesprek en ondersoek in die Geestelike Dissiplines, kan die volgende boeke aanbeveel word:*
  *Richard Foster – Celebration of Discipline* en *Dallas Willard – The Spirit of the Disciplines.*
- *Lees die bespreking en Skrifgedeeltes hardop voor of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word om tyd te spaar. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te "verteer". Werk daarna deur die vrae, en laat die vrae julle lei in die gesprek. Vermy dit om puntsgewys 'n "eers die vraag en dan die antwoord" gesprek te hê. Dit moenie voel soos 'n skool klaskamer nie...*

- *Moedig groeplede aan om die vrae met "ek …"-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos "ons/hulle/mens …" nie.*

## 1. Skrifgedeeltes en bespreking:

## Inleiding:

Gebed verander ons. Gebed verander ons lewens. Gebed verander geskiedenis. Dit is 'n manier om God se Hartklop te voel. Om te weet wie God regtig is, maak dat ons ons lewens wil rig volgens Jesus Christus se manier van lewe. God openbaar Homself stadig en in genade aan ons wanneer ons bid, en dit is gedurende daardie tye wat ons Sy liefde diep kan inasem.

Wat dink jy het Jakobus bedoel in Jakobus 4:3 wat sê*:" En selfs wanneer julle vra, kry julle dit nie omdat julle motiewe verkeerd is – julle wil goed hê net om dit self te geniet."*?

Om vir die "regte" dinge te vra, behels 'n veranderde hart. Nuwe passies. Ons dink dan nie meer net ons eie gedagtes nie, maar God s'n; ons begeer die dinge wat God begeer, ons begin om die dinge wat God behaag, lief te kry en voor te sorg. Ons besef dat God se wil vir myself en ander, baie beter is as my eie wil. Ons gedagtes verander. Ons harte verander en ons leer om die lewe te sien vanuit God se oë.

**Die wonderlike ding van gebed is dat God ons ontmoet waar ons is.** Hy kom langs ons in om ons in 'n dieper, meer opregte verhouding met Hom te lei. Nie 'n verhouding wat deur skuldgevoel gedryf word nie, maar wat deur Sy liefde gedryf word. Ons lees in Matteus 6 waar die dissipels, wat sekerlik al self vir 'n geruime tyd gebid het, vir Jesus vra om hulle te leer bid. **En Jesus het toe, en Hy leer ons ook vandag hoe om te bid.**

*We don't wait well. We're into microwaving; God, on the other hand, is usually into marinating – C. Peter Wagner*

Sê die volgende hard saam op uit Mattéüs 6:9-13 (AOV)

*Só moet julle dan bid: Onse Vader wat in die hemele is, laat u Naam geheilig word; laat u koninkryk kom; laat u wil geskied, soos in die hemel net so ook op die aarde;*
*gee ons vandag ons daaglikse brood; en vergeef ons ons skulde, soos ons ook ons skuldenaars vergewe; en lei ons nie in versoeking nie, maar verlos ons van die Bose. Want aan U behoort die koninkryk en die krag en die heerlikheid tot in ewigheid. Amen.*

**Vrae:**

1. As kind, het iemand jou geleer om te bid of is jy 'n model-gebed geleer? Kan jy onthou waarvoor jy gebid het?
2. Jesus leer vir ons om na die Vader te kom soos klein kinders. Wat is van die eienskappe wat 'n kind wys wanneer hy/sy met 'n liefdevolle pa of ma praat? (Bv. Eerlikheid, openhartigheid, verbeelding, ens)
3. Wanneer jy bid, verwag jy ***regtig*** dat jou gebede beantwoord gaan word? Hoekom of hoekom nie?

Lees die volgende gedeelte:

*1 Tessalonisense 5:16-18 (AFR83) - Wees altyd bly. Bid gedurig. Wees in alle omstandighede dankbaar, want dit is wat God in Christus Jesus van julle verwag.*

4. 'n Tekort aan uithouvermoeë is een van die grootste redes vir nederlae. Wat kan ons doen om onsself te motiveer om te volhard in gebed, veral wanneer dit wil voorkom asof God nie antwoord nie?
5. *"One of the most critical aspects in learning to pray for others is to get in contact with God so His life and power can flow through us into others" – Richard Foster*
   Hoe kan ons "inskakel" by God om meer effektief vir ander te kan bid?
6. Hoe *luister* jy na God? Hoe kommunikeer Hy met jou?
7. *"Answers to prayer are wonderful but they are secondary to the main function of prayer, which is a growing, perpetual **communion.** It is out of this refreshing life of communion with Jesus Christ that answered prayer comes as a happy by-product" – Richard Foster*
   Hoe voel jy oor hierdie stelling?

Definisie van communion (Gemeenskap) – Gemeenskaplike deelname; die deelhê aan iets saam met 'n ander; intieme broederskap

Verbeel jou jy ontmoet iemand wat sopas 'n Christen geword het, en wat voel dat gebed hoofsaaklik intens en moeilik is. Selfs skrikwekkend. Hoe sal jy hulle kan oortuig om aan te hou bid?

Hoe sal jy reageer teenoor iemand wat die volgende stelling maak:"God ken die begin en die einde. Hy weet wat die beste vir elkeen is, so hoekom moet ek nog bid? Ek is bang ek bid verkeerd."

8. Dink jy dit is belangrik om gebed as deel van 'n leerproses te sien? Hoekom?

**Nog enkele ander tekste oor gebed:**
Genesis 18:23-33; 1 Samuel 7:8; 2 Konings 6:17; Nehemia 11:17; Psalm 32:6; Spreuke 15:29; Matteus 5:44; Markus 11:24; Handelinge 2:42; Romeine 12:12; 1 Petrus 3:12; Judas 1:20

### 2. Oefening van die week

*Groeplede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.*
*Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.*

Vat hierdie week een dag, waar jy gedurende die dag 'n stil-gebed doen vir *elke* persoon wat jy mee in kontak kom. Skryf neer wat jy geleer het van hierdie ondervinding.

### 3. Seëngebed

*Hierdie kan in die afsluitingsgebed ingesluit word.*

Wanneer die volk wat my Naam dra, hulle verootmoedig en bid, en My weer soek en hulle afkeer van hulle bose lewens, sal Ek in die hemel hoor en hulle sondes vergewe en hulle land gesond maak – 2 Kronieke 7:14 (NLV)

## 15 Oktober 2018 Les 5

## *Die Innerlike Dissipline om te Vas*

### A. YSBREKER

Wat verkies jy? TV kyk of musiek luister?

### B. AANBIDDING

*Daar kom egter 'n tyd, en dit het reeds aangebreek, wanneer die egte aanbidders die Vader vanuit 'n hegte verhouding met die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader verkies dat die mense Hom só aanbid. God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom vanuit 'n hegte verhouding met die Gees en in waarheid aanbid." – Johannes 4:23-24 (NLV)*

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus en jou liefde vir Hom uit te druk deur middel van lofprysing en aanbidding.

- *Eie keuse of julle kan ook ons speellys gebruik deur die volgende skakel:* https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck

## C. WOORD

- *Vir verdere gesprek en ondersoek in die Geestelike Dissiplines, kan die volgende boeke aanbeveel word:*
  *Richard Foster – Celebration of Discipline* en *Dallas Willard – The Spirit of the Disciplines.*
- *Lees die bespreking en Skrifgedeeltes hardop voor of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word om tyd te spaar. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te "verteer". Werk daarna deur die vrae, en laat die vrae julle lei in die gesprek. Vermy dit om puntsgewys 'n "eers die vraag en dan die antwoord" gesprek te hê. Dit moenie voel soos 'n skool klaskamer nie...*
- *Moedig groeplede aan om die vrae met "ek …"-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos "ons/hulle/mens …" nie.*

### 1. Skrifgedeeltes en bespreking:

### Inleiding:

Regdeur die Skrif, sien ons dat om te vas, verwys na om kos op te gee, of kos en vloeistof, vir geestelike redes. Om te vas is meer as net 'n eetpatroon verandering; dit behels geestelike intensiteit en intersessie. Om te vas moet altyd met gebed, meditasie en Bybelstudie gepaard gaan.

Ons moet nooit die fout maak om te dink dat deur te vas, ons God kan "skuif" om te doen wat ons wil hê nie. Self al wou ons, kan ons God nooit manipuleer nie. *Die doel om te vas, is sodat ons nader aan God kan beweeg om sodoende Sy wil vir ons lewens te soek.*

Een van die grootste geestelike voordele om te vas, is dat dit ons meer attend maak op ons eie ontoereikenheid en op God se toereikenheid; meer bewus van ons eie mislukkings en Sy selfgenoegsaamheid. Die doel van al die dissiplines, vas ingesluit, is om ons te verander om meer soos Jesus te wees. Deur te vas, help dit ons om te luister wat God wil hê ons moet doen.

Die lys van bybelse figure wat gevas het lees soos 'n "*Wie's wie*" van die Skrif. Moses die wetgewer, Dawid die koning, Elia die profeet, Ester die koningin, Daniel die adviseur vir konings, Anna die profetes, Paulus die apostel en Jesus Christus.

‘**n Woord van waarskuwing:** Voordat jy met ‘n tydperk van vas wil begin, besoek eers jou huisdokter indien jy enige gesondheidsprobleme soos diabetes, nierprobleme of enige ander ernstige ernstige kondisies het. Die normale geestelike vas is om sonder kos te gaan vir ‘n periode van tyd waartydens jy net vloeistof (Water en/of sap) inneem. Die tydperk kan een dag wees of ‘n hele paar dae. Die absolute vas is om kos en water op te gee. Die tydperk moet nie een of twee dae oorskry nie tensy jy die absolute vas voor die tyd met jou dokter bespreek het nie.

Lees die volgende gedeelte:
*Matteus 6:16-18 (AFR83) - "As julle vas, moet julle nie soos skynheiliges met lang gesigte rondloop nie. Hulle mismaak hulle gesigte sodat die mense kan sien dat hulle vas. Dit verseker Ek julle: Hulle het hulle beloning klaar weg. Nee, as jy vas, versorg jou hare en was jou gesig sodat niemand kan sien dat jy vas nie, behalwe jou Vader wat jy nie kan sien nie. Jou Vader wat sien wat verborge is, sal jou beloon."*

## Vrae:

1. Dink jy Jesus gee vir ons ‘n opdrag om te vas, of gee Hy net voorstelle oor hoe om te vas? Wat moet ons doen en hoe moet ons lyk wanneer ons vas? Hoekom?
2. Een sleutel tot vas is wat jou motivering is om te vas. Wat is die verskille in motivering om werklik God te soek en wanneer jy vas ter wille van aansien en bewondering?

Lees die volgende gedeelte:
*Matteus 9:14-15 (AFR83) - In dié tyd het die volgelinge van Johannes na Jesus toe gekom en gevra: "Waarom vas ons en die Fariseërs dikwels, maar u dissipels vas glad nie?"*
*Jesus antwoord hulle: "Kan die bruilofsgaste dan treur solank die bruidegom nog by hulle is? Maar daar kom 'n tyd wanneer die bruidegom van hulle weggeneem sal word, en dan sal hulle vas.*

3. Het Jesus van Sy dissipels verwag om te vas na Hy weg is?
4. Om te vas bring jou nader aan God. Kan dit een van die redes wees dat Jesus gesê het Sy disippels sal vas nadat Hy nie meer by hulle is nie? Wat kon nog redes wees?

---

*"Fasting is not an end in itself; it is a means by which we can worship the Lord and submit ourselves in humility to Him. We don't make God love us any more than He already does if we fast, or if we fast longer. Fasting invites God into the problem. Then in the strength of God, victory is possible." – Elmer L. Towns*

---

Lees die volgende gedeelte:

*Jesaja 58:3-10 (DB) - Hulle vra vir die Here: "Sien U dit dan nie raak dat ons vir U kom vas en sonder kos bly nie? Steur U U dan nie daaraan dat ons voor U kom stil raak nie?"*

*Die Here sê: "Ja, maar Ek sien ook raak dat wanneer julle vas, julle dit maar net gebruik om geld te maak. Julle gebruik dit as 'n verskoning om die mense wat vir julle werk net nog harder te laat werk. As julle vas, loop dit uit op rusies en bakleiery onder mekaar. Julle kan mos nie op so 'n manier vir My vas en dan verwag dat Ek na julle gebede moet luister nie! Op die dag dat julle vas, hou julle julleself kamtig nederig. Julle laat julle koppe vooroor hang soos 'n biesie wat geknak is. Julle trek begrafnisklere aan en julle gooi stof op julle koppe. En julle noem dit dan 'n vasdag.*

*Dink julle nou dat dit die manier is om sonder kos klaar te kom? Is dit nou die dinge wat die Here gelukkig moet maak? Nee, die vas wat Ek van julle verwag, is dat julle die mense sal vrylaat wat julle onregverdig gevange hou. Hou op om die mense wat vir julle werk, soos gevangenes te behandel. Gee kos vir hulle wat niks het om te eet nie. Gee blyplek aan hulle wat nêrens het om heen te gaan nie. Gee klere vir die mense wat jy kan sien niks het om aan te trek nie. Help jou familie as hulle hulp nodig het.*

*Wanneer jy so maak, sal jy bevry word. Dit sal vinnig kom soos die lig wat met dagbreek die donker laat verdwyn. Jy sal oornag herstel. Die Here wat jou vrymaak, sal jou met sy krag van alle kante beskerm. Wanneer jy dan na die Here roep, sal Hy jou antwoord. As jy God vra om jou te help, sal Hy sê: Ek kom.*

*Hou op om mense onregverdig te behandel. Hou op om vir mekaar vinger te wys en mekaar vals te beskuldig. Gee kos vir hulle wat niks het om te eet nie. Versorg hulle wat behoeftig is. Dan sal dit vir jou word soos lig wat die donker laat verdwyn, soos die son wat in die middel van die dag skyn.*

5. In hierdie gedeelte vertel Jesaja dat die Jode gevas het, maar dat God nie hulle versoeke beantwoord het nie. Hoekom nie? Watter tipe vas wil God hê?
6. Wanneer mense ophou om ander onregverdig te behandel en hulle help in hulle behoeftes, tel dit as vas? Moet ons gehoorsaam wees wanneer ons vas, voordat ons vas, of gehoorsaam wees instede van om te vas?
7. Is om te vas 'n manier om God te kry om ons gebede te beantwoord? Sal deur te vas ons probleme oplos? Sal dit lei tot meer evangelisasie? Los dit humanitêre probleme op? Wat beloof God om te doen indien Sy volk op die regte manier vas? Sal ons mag hê oor sonde?

*"Fasting reminds us that we are sustained 'by every word that proceeds from the mouth of God' (Matt. 4:4). Food does not sustain us; God sustains us." – Richard J. Foster*

8. Wanneer ons vas en ons harte uitstort voor God, glo ons dat Hy ons "oë" gee om die situasie of probleem te sien soos dit regtig is. Hoe is dit voordelig vir ons?

9. Gedurende die tydperk van vas, hoekom kan dit van hulp wees om gedeeltes uit die Skrif te lees wat dalk van toepassing is op jou situasie en op dit te mediteer?

**Nog enkele ander tekste oor vas:**
2 Samuel 12:16, 21-23; Nehemia 1:4; Psalm 69:10; Daniël 9:3; Joël 2:15; Openbaring 13:10

### 2. Oefening van die week

*Groeplede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.*
*Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.*

Wanneer ons vas sê ons nee vir iets sodat ons ja vir Jesus kan sê. Besluit in hierdie tyd wat jy gaan vas en spandeer die energie wat jy gespaar het om iets positiefs te doen (dissiplines soos gebed, of Skrif memorisering). Onthou dat die doel is om ruimte vir God te skep.

### 3. Seëngebed

Hierdie kan ook as afsluiting gelees word:

*Hy het dit gedoen om jou te leer dat mense meer as brood nodig het om van te leef. Ware lewe vir die mens kom van elke woord uit die mond van die Here. – Deuteronium 8:3 (NLV)*

## 22 Oktober 2018 Les 6

## ***Die Innerlike Dissipline van Studie***

### A. YSBREKER

Wat is jou gunsteling tyd van die dag? Wanneer het jy die meeste energie, voel jy meer lewendig en is jou konsentrasie die beste?

### B. AANBIDDING

*Daar kom egter 'n tyd, en dit het reeds aangebreek, wanneer die egte aanbidders die Vader vanuit 'n hegte verhouding met die Gees en in waarheid sal aanbid, want die Vader verkies dat die mense Hom só aanbid. God is Gees, en dié wat Hom aanbid, moet Hom vanuit 'n hegte verhouding met die Gees en in waarheid aanbid." – Johannes 4:23-24 (NLV)*

Gebruik hierdie tyd van aanbidding om op God se teenwoordigheid te fokus en jou liefde vir Hom uit te druk deur middel van lofprysing en aanbidding.

- *Eie keuse of julle kan ook ons speellys gebruik deur die volgende skakel:* https://www.youtube.com/playlist?list=PLzDs0za9FoeTC_IrRgrF3IAjSfwubWSck

## C. WOORD

- *Vir verdere gesprek en ondersoek in die Geestelike Dissiplines, kan die volgende boeke aanbeveel word:*
  *Richard Foster – Celebration of Discipline* en *Dallas Willard – The Spirit of the Disciplines.*
- *Lees die bespreking en Skrifgedeeltes hardop voor of dit kan in die voorafgaande week deur elkeen op sy eie gelees word om tyd te spaar. Gee genoeg tyd om die inhoud in te neem en te "verteer". Werk daarna deur die vrae, en laat die vrae julle lei in die gesprek. Vermy dit om puntsgewys 'n "eers die vraag en dan die antwoord" gesprek te hê. Dit moenie voel soos 'n skool klaskamer nie...*
- *Moedig groeplede aan om die vrae met "ek …"-stellings te beantwoord – nie vae veralgemenings soos "ons/hulle/mens …" nie.*

### 1. Skrifgedeeltes en bespreking:

### Inleiding:

In die Geestelike Dissipline van Studie, bemoei ons onsself, bo alles, met die Woord van God. Paulus skryf die volgende:
*Romeine 12:2 (NLT) - Don't copy the behavior and customs of this world, but let God transform you into a new person by changing the way you think. Then you will learn to know God's will for you, which is good and pleasing and perfect.*

Die dissipline van studie is 'n belangrike manier hoe ons ons verstand kan vernuwe deur dít wat vir God belangrik is. Studie help ons om vry te kom van die binding van angs en vrees, en dit te vervang met kennis van God se genade, wat die dieptes van ons harte, verstand en siel kan bereik.
Jesus sê die volgende:
*Johannes 8:31-32 (NLV): "Toe het Jesus vir die Jode wat tot geloof in Hom gekom het, gesê: "As julle in 'n noue verbintenis aan my boodskap leef, is julle my egte navolgers; en julle sal begryp wat die waarheid beteken, en die waarheid sal julle vrymaak."*

Sonder die waarheid, sal ons nie werklik vry wees nie. Soos ons almal weet, is hierdie prinsiep van toepassing tot elke area, of ons nou biologie, wiskunde of wetenskap bestudeer. Dit is veral waar in ons geestelike lewe. Ons gaan hier konsentreer op die studie van geestelike kwessies.

Soos ons van mekaar leer, sal ons bewus kan word van die slaggate, vreugdes en uitdagings. Die doel is om die vryheid wat studie meebring, in sy volheid te kan geniet.

Lees die volgende gedeelte:
*Filippense 4:8 (AFR83) - Verder, broers, alles wat waar is, alles wat edel is, alles wat reg is, alles wat rein is, alles wat mooi is, alles wat prysenswaardig is – watter deug of lofwaardige saak daar ook mag wees – daarop moet julle julle gedagtes rig.*

## Vrae:

1. In jou eie woorde, beskryf wat "studie" vir jou beteken?

Lees die volgende gedeelte:
*1 Timoteus 4:7 (DB) - Juis daarom moet jy jou nie steur aan al die stories wat mense uitdink en wat eintlik niks met God te doen het nie. Sorg jy liewer dat jy God reg dien.*

2. Om die regte dinge te bestudeer is net so belangrik soos wat studie self is. Hoe bepaal jy wat die regte dinge vir jou is om te studeer?
3. Buiten die Bybel, watter boek, mentor, lesing ens. het die grootste impak op jou geestelike lewe gehad?
4. Het jy al ooit die ondervinding gehad dat na versigtige, ernstige studie, jy jou aksies, opinie of selfs leefstyl verander het? Deel met die groep.

---

*"He who studies only men, will get the body of knowledge without the soul; and he who studies only books, the soul without the body. He who, to what he sees, adds observation, and to what he reads, reflection, is in the right road to knowledge, provided that in scrutinizing the hearts of others, he neglects not his own." – Caleb Colton*

---

5. Hoekom dink jy lei studie na vreugde?
6. Dink jy om te studeer, affekteer mense rondom ons? Hoekom?

Lees die volgende gedeelte:
*Deuteronomium 11:18 (DB) - "Al die woorde wat ek julle vandag leer, moet julle in julle hart bêre en altyd daaraan dink. Maak dit aan julle arms vas en bind dit styf om julle voorkop.*

7. Die doelwit van hierdie instruksie was om hulle gedagtes *herhaaldelik* en *gereeld* op God te rig asook op sy instruksies vir verhoudings tussen mekaar.
   Vandag neem ons nie meer deel aan hierdie gebruik nie, maar, hoe kan ons onsself dissiplineer om *herhaaldelik* en *gereeld* God se Woord te bestudeer om dit makliker te maak sodat Sy wette in ons harte geskryf word? Wat motiveer jou?
8. Ons lewens is maar besig en baie keer gejaag. So baie keer word ons in alle rigtings getrek. Hoe kan ons mekaar positief aanmoedig  in die dissipline van studie?

## 2. Oefening van die week

*Groeplede gee eerlike terugvoer oor hulle suksesse en uitdagings betreffende die oefening van die vorige week.*

*Ontvang die nuwe oefening vir die komende week.*
Hier volg nog tekste wat jy in hierdie week kan gaan opsoek in die dissipline van studie. Mag jy ook so die uitnodiging tot die dissipline van studie aanvaar:

1. Die oproep tot studie -  Spreuke 1:1-9; Spreuke 23:12, Spreuke 23:23
2. Die bron van waarheid – Jakobus 1:5; Hebreërs 4:11-13; 2 Timoteus 3:16-17
3. Wat om te studeer – Filippense 4:8-9; Kolossense 3:1-17
4. Die waarde van studie – Lukas 10:38-42
5. Aktiewe studie: Esra 7:10; Jakobus 1:19-25

## 3. Seëngebed

*Hierdie kan as afsluitingsgebed gebruik word.*

Here, ons kom nou as groep saam en bid dat U elkeen van ons se persoonlike studie, maar ook ons gesamentlike studie, sal seën en ook sal rig sodat ons U beter mag leer ken. Help ons met ons prioriteite om genoegsaam tyd te maak om U ook te soek in die dissipline van studie. Here dankie dat ons U mag ken. Amen

# NOTAS

# NOTAS

# HERDERS:

Ruan Rabie (12-18 jr)
oorgee@als.org.za
076 793 0297

Darius van der Schyf (19-25 jr)
darius@als.org.za
072 822 8267

Andries Minnaar (26-35 jr)
minnaar@als.org.za
082 463 1645

Francois Fouche (36-44 jr)
francois@als.org.za
063 179 5493

Willie Coetzee (45-53 jr)
willie@als.org.za
083 417 7792

Bertie Nel (54-64 jr)
bertie@als.org.za
083 696 0668

Herman Coetser (65 jr+)
herman@als.org.za
083 268 7888